**Dinsdag 20 Junie**
**Skrifgedeelte: Job 1:1-5**
**Fokusgedeelte: Job 1:1, 4-5**
**Dra ons kinders op aan die genadetroon van ons Vader**

Elke ouer is bereid om groot opofferings vir sy kind te maak. Ons offer tyd, geld en aandag op. Ons doen dit veral vir sport en akademie.

Job het heel letterlik vir sy kinders offers gebring. Vier woorde beskryf hierdie voortreflike man: innerlik was hy vroom en godvresend. Uiterlik het hy dit weerspieël deurdat hy die regte lewenspad bewandel en ook die kwaad vermy het (Job 1:1). God het gesê daar was niemand soos hy op die aarde nie (Job 1:8). Sy sewe seuns, drie dogters, massas vee en menigte slawe het hom onder die Here se seënende hand onder die mense in die ooste laat uitstaan.

Hy was ook geseën met die harmonie tussen al sy kinders. Hulle het gereeld om die beurt in elk van die sewe broers se huise bymekaar gekom om saam te eet en te drink. Oor hierdie geleenthede het Job onrustig gevoel. Sy kinders sou só lekker kon saamkuier dat hulle die Here vergeet of selfs hulle verhouding met Hom verbreek. Hy het ná elke siklus van eet-en drinkgeleenthede sy kinders ontbied en hulle gereinig sodat hulle kon deelneem aan die offers wat hy as priester van die huis vir almal sou bring.

’n Vraag aan ons wat graag en maklik opofferings vir ons kinders maak: Begeer ons ook vir hulle ’n lewende verhouding met Jesus Christus as Verlosser en Here en dat hulle, onder leiding van die Heilige Gees, tot eer van God die Vader leef? Ons offer weliswaar nie vandag meer diere vir ons kinders nie. Ons kan wel as priesters ons kinders en kleinkinders gereeld op grond van Christus se verdienste voor die genadetroon van die Here plaas met die gebed dat sy Gees hulle sal lei om in alles tot sy eer en aan Hom verbonde te leef.

*Sing: Skrifberyming 16-1:1*

*Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)*